



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIJP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.
- As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien 'n spelfout die betekenis van 'n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering 'n JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingsstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelyig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...
 - by vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks ook in sinsverband, sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) gevra na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1**TEKS A: PRAKTISE EKSAMENWENKE IN SPELETJIEVORM**[Verwerk uit: <http://www.jip.co.za>]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENKVLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • Jy moet hard studeer/leer/werk. • Jy moet gesond eet. • Jy moet ontspan. (Enige TWEE) 	2	2	1	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Deur in jouself te glo. • Pak jou studies met vertroue aan. • Jy moet selfvertroue hê. (Enige EEN) 	1	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.3	<ul style="list-style-type: none"> ('n Eksamen en 'n monster) maak leerders bang/vreesbevange/laat jou skrik/laat jou stres. ('n Eksamen en 'n monster) gee nagmerries/is die onbekende. (Enige EEN of soortgelyk wat 'n negatiewe emosie/eienskap uitbeeld.) 	1	2	1	2
1.4	<ul style="list-style-type: none"> Ek/Jy is nie goed genoeg nie. Ek/Jy het nie hard genoeg geleer nie. Ek/Jy is dom. Ek/Jy gaan druip. (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.5	A	1	2	1	2
1.6.1	Feit	1	2	2	3
1.6.2	<p>“Navorsing het bewys” (DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) (Sien na soos WAAR/ONWAAR)</p>	1	2	2	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Dit dui aan dat daar nog meer gesê gaan word (oor breinkos). In blokkie 6 volg meer inligting (oor breinkos). Dit laat die leser dink/wonder (wat volgende gesê gaan word) (oor breinkos). Dit lei die leser na die volgende paragraaf. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> (Dit gee jou brein) energie/krag/skop/ 'n hupstoot. Dit laat jou (brein) vinniger/beter werk./Fokus. (Of soortgelyk. Die klem val op beter funksionering.) 	1	2	1	2
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> Dit maak jou brein moeg. Dit put jou brein uit. (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> Dit maak nie jou brein moeg nie. Jou brein kan meer inneem. (Enige EEN) 	1	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> • (Ten minste) agt (uur per nag). • 8 (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.10.2	Die uil (dierjie/voël) is 'n nagdier/slaap nie snags nie. (Of soortgelyk)	1	2	2	3
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • Om krampe te voorkom. • Om jou handspiere sterk te hou. (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.12	"Diep asemhaling" (TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE)	1	2	1	1
1.13.1	Figuurlik	1	2	2	2
1.13.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die woord "warm" verwys na 'n moeilike situasie (binne die konteks van die eksamen). • Jy verkeer onder druk/beleef stres (in die eksamenlokaal). • Die woord "warm" verwys na die situasie waar jy eksamen skryf en weergee wat jy geleer het. (Of soortgelyk - die woord "warm" moet 'n figuurlike betekenis verduidelik.) (Sien na soos WAAR/ONWAAR) 	1	2	2	2
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Dit verskaf genot om te lees/speel. • Dit wek meer belangstelling. • Dis makliker om te lees. • Jy verstaan dit beter/dit is interessanter/dit behou jou aandag. • Jy onthou dit beter. (Of soortgelyk) 	1	2	1	3
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • Die media probeer help. • Dit wil leerders help voorberei vir die eksamen. • Dit is 'n belangrike onderwerp. • Dit gee raad aan leerders hoe om te leer. • Dit is 'n poging om die uitslae te verbeter. • Dit wil leerders motiveer. • Dit neem die eksamenvrees weg. (Of soortgelyk) 	1	2	1	3
SUBTOTAAL: 20					

TEKS B: SENSUS[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Formeel • Formele (EEN WOORD) 	1	2	3	1
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is nie sekerheid oor waar hulle woon nie. • Hulle het nie wonings nie. • Hulle is straatmense. (Enige EEN) 	1	2	3	2
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is nou meer huishoudings met elektrisiteit. • Die getal huise met elektrisiteit het vermeerder. • Meer mense het nou toegang tot elektrisiteit. • Daar is 'n toename van 15% in elektrisiteitsvoorsiening (aan huishoudings). (Enige EEN) (Pyltjie dui op toename (1 punt). Kandidaat moet die implikasie uitlig (2de punt). 	2	2	2	2
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • 73,4 (%) • 73,4 persent (Enige EEN) 	1	2	3	1
1.20	1,2 miljoen (huise)	1	2	1	1
1.21	'n Mens assosieer koeke met ouerdom/verjaarsdae/ ouer word/verjaarsdagkoek. (simboliek van koeke)	1	2	3	2
1.22	Limpopo	1	1	1	2
1.23	<ul style="list-style-type: none"> • Dis makliker om die feite te verstaan/te verduidelik/te ondersteun. • Dit trek jou aandag. (TWEE redes of soortgelyk) 	2	2	3	3
SUBTOTAAL: 10					
TOTAAL AFDELING A: 30					

AFDELING B: OPSOMMING**ALGEMEEN**

- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.
- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die aantal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Nasieners tel die aantal woorde indien die opsomming te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die aantal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

ALGEMEEN**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal):**

Feit	7
Taal	3
=	10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE:

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

VRAAG 2**TEKS C: MAAK NUWE VRIENDE!**[Verwerk uit: www.jouwêreld.co.za]

Direkte aanhaling	Moontlike verwerking
<p>Dit is nooit maklik om nuwe vriende te maak nie. Hier is 'n paar praktiese wenke wat jou hiermee kan help.</p> <p>Jy moet uitgaan om nuwe vriende te ontmoet, want as jy net voor die televisie sit, sal jy nie vriende ontmoet nie. Sluit by klubs op jou tuisdorp aan waar daar ander mense is wat jou belangstellings deel.</p> <p>Reis laat nuwe wêrelde vir jou oopgaan. Deur vreemde plekke te besoek, sal jy ook nuwe vriende ontmoet. Beweeg 'n bietjie uit jou gemaksone en doen nuwe dinge, soos om kursusse by te woon. Daar kan jy met nuwe vriende in aanraking kom.</p> <p>Registreer op een van die sosiale netwerke op die Internet en ontmoet só nuwe vriende. Wees net baie versigtig om nie by die verkeerde mense betrokke te raak nie.</p> <p>As jy vreemde mense raakloop, begin jou gesprek met 'n kompliment oor iets positiefs wat jy in 'n ander persoon raaksien. Alle mense hou daarvan om gekomplimenteer te word.</p> <p>'n Mens wil so graag ontvang, maar dit is eers wanneer jy gee dat jy die grootste vriende sal maak. En wat moet jy gee? Jou tyd, jou energie of jou aandag. Dit hoef nie materiële dinge soos duur geskenke te wees nie.</p> <p>As jy positief is, trek jy mense na jou toe aan. Niemand hou van negatiewe mense nie. Met 'n positiewe houding sal jy nooit 'n tekort aan vriende hê nie.</p> <p>Jou vermoë om van vreemde mense vriende te maak, laat jou as mens groei en gee vir jou nuwe geleenthede om jou vriendekring uit te brei.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gaan uit (om nuwe vriende te ontmoet). 2. Sluit by klubs aan (om mense met dieselfde belangstellings te ontmoet). 3. Reis (om vriende te ontmoet)./ Besoek vreemde plekke (om vriende te ontmoet). 4. Beweeg uit jou gemaksone./Doen nuwe dinge. 5. Registreer op sosiale netwerke./Jy kan nuwe vriende deur sosiale netwerke op die Internet ontmoet. 6. Begin jou gesprek met 'n vreemde mens met 'n kompliment. 7. Gee van jouself./ Gee jou tyd, energie of aandag. 8. Positiwiteit trek mense aan./ 'n Positiwiese houding help jou om vriende te maak.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie.

SINSTRUKTURE

- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- **LET WEL:** Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENKVLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Matriekleerlinge • Matrieks • Graad 12-leerlinge/-studente • Leerders wat 'n matriekafskheid gaan bywoon (Enige EEN) (Spelling tel nie) 	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die teiken van die advertensie kan identifiseer.	2
3.2	beste	1	4	1: Gee trappe van vergelyking korrek.	1
3.3	mansklere	1	4	1: Gee een woord vir 'n omskrywing korrek.	1
3.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hare en skoonheid word (deur ons) bespreek. • Hare en skoonheid word bespreek (deur ons). (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik passiewe vorm korrek.	2
3.5	wonderlike	1	4	2: Gebruik byvoeglike naamwoord korrek.	1
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • D • D vertoning • vertoning (Enige EEN) 	1	4	1: Vertaling van Engels na Afrikaans.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
3.7	<ul style="list-style-type: none"> • Dit word in hoofletters geskryf. • Die inligting word in 'n ster geplaas. • Dit word vetgedruk. • Dit is verniet. • Jy is nuuskierig om te gaan kyk hoekom dit gratis is. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die visuele aanbieding van 'n advertensie kan interpreteer.	3
3.8	Jy kan prys wen. (Nie 'n uitroep teken na sin nie. Die punt moet aan die einde van die sin wees)	1	4	2: Verander 'n vraagsin na 'n stelsin.	1
3.9	<ul style="list-style-type: none"> • Dit betrek die leser direk. • Om die leser deel te maak van die koerant <i>Beeld</i>. • Dit maak dit persoonlik. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die slagspreuk korrek kan interpreteer.	3
3.10	<ul style="list-style-type: none"> • (Die verskillende lettertipes) trek die leser se aandag. • Dit maak die advertensie interessant. • (Die verskillende lettertipes) laat die leser op die belangrike inligting van die advertensie fokus. (Of soortgelyk) 	1	4	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die doel van die advertensie verstaan.	3
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Uit: *Beeld*, 15 November 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.1	stereotipeer (Spelling tel)	1	4	2: Identifiseer stereotipering.	2
4.2	verbaas	1	2	1: Woordeskat. Lei betekenis van beelde, ens. af.	2
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die dogter is onbetrokke. • Die dogter distansieer haar • Die dogter stem nie saam met haar ma nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	3: Interpretir liggaams-taal.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.4	Helga werk 24 uur per dag; daarom is sy 'n voorbeeld vir haar dogter. (Kommapunt wat ontbreek, word nie gepenaliseer nie)	1	4	2: Verbind sinne korrek.	2
4.5	Sy het 24 uur per dag gewerk .	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek.	2
4.6	B	1	4	1: Gebruik die vaste uitdrukking korrek.	2
4.7	onsuksesvol	1	4	1: Gebruik antonieme gepas.	1
4.8	In raampie 2 kan 'n mens sien dat die klere nog nat is, want <ul style="list-style-type: none"> • daar is waterdruppels. • die klere hang aan die draad. • 'n mens kan sien hoe Helga die wasgoed was. • dit kom nou net uit die water uit. (Of soortgelyk) (Die kandidaat moet die sin oorskryf en dan voltooi.) 	1	4	3: Identifisering van strokiesprenttegnieke.	2
4.9	lewensles	1	4	1: Gebruik samestelling korrek.	1
4.10	<ul style="list-style-type: none"> • Dit beklemtoon Helga se woorde. • Dit is 'n uitroep. • Dit bring die humor in die strokiesprent uit. • Haar emosie agter die woorde word so uitgelig. • Dit druk haar frustrasie uit. • Dit wys dat haar stemtoon styg. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4	3: Identifiseer gebruik van leestekens in visuele tekste.	3
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 5**TEKS F: ARTIKEL EN PRENT: INTERESSANTE FEITE OOR HONDE EN KATTE**
[Verwerk uit: *Kids*, Julie 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	interessante	1	4	1: Identifiseer spelfout en skryf korrek oor.	1
5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dierenavorsing is deur Johnna Rizzo gedoen. • Dierenavorsing is gedoen deur Johnna Rizzo. (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek.	2
5.3	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het gesê: "Diere is die wonderlikste onderwerp om te bestudeer." • "Diere is die wonderlikste onderwerp om te bestudeer," het sy gesê. (1 punt vir leestekens en 1 punt vir korrekte woordorde – sin moet "het gesê" bevatten.) 	2	4	2: Gebruik direkte rede korrek.	3
5.4	bv.	1	4	1: Gee die korrekte afkorting.	1
5.5	Voorbeeld: <ul style="list-style-type: none"> • Chinese eet baie rys. • My hare/die deeg rys. (Of soortgelyk) (Woordbetekenis moet reg toegepas word. Woordorde word nie gepenaliseer nie.) 	1	4	1: Gebruik homofoon korrek in 'n sin om betekenis weer te gee.	1
5.6	<ul style="list-style-type: none"> • le-wens • le/wens • le'wens • le wens (Enige EEN) 	1	4	1: Verdeel korrek in lettergrepe.	2
5.7	<ul style="list-style-type: none"> • Honde sal soms water uit toiletbakke drink. • Honde gaan soms water uit toiletbakke drink. • Honde sal soms water drink uit toiletbakke. • Honde gaan soms water drink uit toiletbakke. (Enige EEN) (soms kan voor of ná water staan) 	1	4	2: Gebruik toekomende tyd korrek.	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.8	koeler	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek.	2
5.9	bome	1	4	1: Gebruik meervoud korrek.	2
5.10	Niemand moet hierdie mite glo nie.	1	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek.	1
5.11	Jy hoef nie bekommert te wees as jou kat se hart twee keer vinniger as joune klop nie.	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief. Hoef nie+te+ww	1
5.12	katjies	1	4	1: Gebruik verkleiningsvorm korrek.	2
5.13	mannetjie	1	4	1: Gebruik geslag korrek.	1
SUBTOTAAL:		14			

VRAAG 5**TEKS G: PRENT**

[Uit: Vrouekeur, 6 November 2009]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.14	muisies	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.15	pikswart	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	3
5.16	bottoe	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.17	almanak	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	1
5.18	muurprop	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.19	Die kind spring oor die draad./Die kind huil oor sy ma. (Of soortgelyk)	1	4	2: Gebruik voorsetsels korrek.	3
SUBTOTAAL:		6			
					TOTAAL AFDELING C: 40
					GROOTTOTAAL: 80